

Standaard Memorandum vir die Ondertekening van Testamente en Kodisille

(nie deel van die testament)

≈

Bestudeer die inhoud van die testament en maak seker dat dit u wense aangaande u nalatenskap reflekteer.

≈

Die testateur/testatrise en die getuies moet asseblief twee (2) kopieë van hierdie testament oorspronklik onderteken (beste praktyk). U kan een van die oorspronklik - ondertekende dokumente vir u rekord - doeleindes hou, terwyl die ander oorspronklik - ondertekende dokument asseblief aan ons kantore terugbesorg moet word vir veilige bewaring.

≈

U moet die dokument in die teenwoordigheid van twee bevoegde getuies onderteken. Al die ondertekenaars van die testament moet deurgaans, vir die duur van die ondertekeningproses, in mekaar se teenwoordigheid wees.

≈

'n Persoon is bevoeg om as getuie te teken wanneer hy / sy 14 jaar of ouer is en bevoeg is om in 'n hof getuienis te kan lewer. Getuies mag nie erfgename of ampsbekleërs ingevolge die testament wees, of die gades van sodanige erfgename of ampsbekleërs wees nie. Ampsbekleërs verwys na eksekuteur(s), trustee(s) en of voog(de).

≈

Die testateur/testatrise en beide getuies moet elke bladsy aan die onderkant daarvan onderteken (verkieslik nie parawe) (beste praktyk).

≈

Die plek en datum van ondertekening moet op die laaste bladsy ingevul word.

≈

Enige skrappings, byvoegings, veranderings of tussenskrifte moet deur die volle handtekening van al die ondertekenaars (testateur/testatrise en beide getuies) bevestig word.

≈

Indien die testateur/testatrise om een of ander rede nie in staat is om self die testament te teken nie, **moet** ons kantore gekontak word sodat die regsposisie aan u verduidelik kan word.
